

Vertrek uit Genésaret

167

Na die genoemde ontbyt, hou ons onself besig met allerlei dinge, en Ek gee vir Ebahl 'n aantal landbouvoorskrifte vir die verbouing van sy landerye en vir die behandeling van sy boom- en wingerd, sodat dit hom altyd 'n ryke oes sou gee, waar hy sekerlik altyd geweet het om die beste bestemming daarvoor te vind. Ek laat Ebahl sien hoe hy die vrugte kan veredel en vermeerder, en bring hom kennis oor verskeie nuttige kruie, wat sedertdien in die kombuis gebruik word. Ook toon Ek hom 'n aantal wortelgewasse, wat ook altyd as goeie voedingsmiddele gebruik kan word, en laat hom sowel van die kruie as van die wortels presies sien hoe hulle voorberei moet word. Kortom, in die twee volgende dae wat Ek nog in Genésaret oorgebly het, leer ek Ebahl uit landboukundige oogpunt heelwat wat voorheen nog by geen Judeër bekend was nie. Tegelykertyd leer Ek hom dat hy ook altyd die suiwer gebraaide vleis van hase, konyne, reë en herte, as dit op 'n bepaalde wyse voorberei was, smaaklik kan eet, sonder om daardeur onrein te word. Daarby vertel Ek hom wanneer sulke diere gevang en gedood moet word, en Ek laat hom nog baie dinge sien waaroor die brawe Ebahl hom baie verheug.

[2] Ook lê Ek saam met My leerlinge vir Jarah 'n klein fyntuin aan, beplant dit met allerlei nuttige plante, kruie en wortelgewasse en raai haar aan om hierdie tuin baie sorgvuldig te onderhou. Onder baie vreugdetrane belooft sy dit vir My en dat sodra Ek weer sou terugkom, ek die tuin in volle groei en bloei sou aantref. En sodoende was alles in die huis van Ebahl keurig vir almal.

[3] Tydens al hierdie nuttige take gaan die Sondag, die Maandag en die Dinsdag verby, en Ek maak aanstalles om weer verder te trek. Maar die hoofman, en Ebahl met sy vroue en kinders, waaronder veral Jarah, vra my dringend om nog die nag in hul huis oor te bly; en Ek bly daarom tot die Woensdagmôre.

[4] In die môre kom daar 'n paar van die skeeps-knegte en vertel dat die fariseërs uit Jesaira wel die voorafgaande dag na hulle toe gekom het, maar het geen woord oor Psalm 47 gepraat nie. Hulle het egter meer oor My gevra, want hulle wou My tot verantwoording roep omdat Ek die hele Jesaira van Jerusalem afvallig sou gemaak het. Maar hulle het op ons vrae glad geen antwoord gegee nie. Ons het wel die silwerstukke van hulle gevorder, wat die fariseërs heel onwillig en onder beskimpings aan hulle betaal het. Waarna hulle hulle weer ingeskeep het en, volgens mededeling van die skipper, na Kapérnaüm vertrek het, waarskynlik om My daar

verder op te spoor, wat hulle oorspronklik sowel deur die tempel as deur Herodes opgedra was.

[5] Nadat Ek die getroue verslag van die skeeps-knegte gehoor het, gee Ek die skippers opdrag om die skip binne 'n uur gereed te hê vir vertrek, en die skippers vertrek en bring die skip in gereedheid.

[6] Toe Jarah, wat die oggend na haar tuintjie toe gegaan het, in die kamer kom en hoor dat Ek so gou sou vertrek, begin sy bitterlik te huil, en vra My of ek tog nie nog 'n uurtjie langer kon bly nie. Haar hart raak letterlik beklemd as sy haar moes indink dat sy My nou, Elohim weet hoe lank, nie meer sou sien nie.

[7] Maar Ek troos haar en verseker haar dat sy My selfs liggaamlik baie gou sou terug sien. Geestelik kon sy met My praat wanneer sy maar wou, en dan sal Ek 'n volmaak helder en duidelike antwoord in haar hart gee. Bowendien sou Ek in My plek die engel Rafael sigbaar by haar agterlaat om haar op die regte pad te lei. - Hiermee was die bedroefde gerus gestel.

[8] Daarop seën Ek die hele huis van Ebahl en gaan na die see waar die skip op ons wag. Dit spreek wel vanself dat die hele huis van Ebahl, die hoofman en nog 'n groot hoeveelheid van die ander volk My geleide gedoen het.

[9] Beide Esseners en die bekeerde groep fariseërs en skrifgeleerdes vra My of hulle My mag begelei na die plek waar Ek heengaan.

[10] Maar Ek sê: "Bly julle hier, sodat die wêreld nie vóór haar tyd aanstoot daaraan sal neem nie! Want die voëls het hul neste en die jakkalse hul gate, maar die Seun van die Mens besit selfs geen klip om onder Sy hoof te lê nie. Omdat Ek egter geen aardse besittings het nie, en tog 'n groot skare mense met My saamneem, sou 'n mens hom kon begin afvra: 'Hoe hou hy hulle in die lewe? Hy het tog geen akkers, geen weiding en geen kudde nie! Hy is 'n dief of andersins 'n bedrieër!' Bly julle hier om dit te vermy, en julle Esseners, gaan na julle broers en vertel hulle alles wat julle gesien en gehoor het. Hulle sal hulle almal verander en beter dinge begin nastreef!

[11] As julle, fariseërs en skrifgeleerdes, miskien deur die tempel teruggeroep word om inligting oor My te gee aan hulle wat My lewe wil neem, sê dan niks oor al My dade nie, maar praat meer en vrymoediger oor My leer! Wees ook nie bang vir hulle, wat in die uiterste geval wél julle liggaam kan dood, maar die ewig voortlewende siel nie verder kan skaad nie! Hulle sal julle egter nie aanval nie. As hulle julle verstoot, gaan dan na die Esseners, dié sal julle met ope arms ontvang!"

[12] Die hoofman sê: "O, julle kan ook by my bly. Ek maak Romeine van julle, gee julle Romeinse kleding

en 'n swaard, en dan sal die tempel en haar kwaadaardige dienaars julle sekerlik met rus laat."

[13] **Ek** voeg daaraan toe: "Ja, ja, dit kan julle ook doen! Wees altyd so slim soos slange en sagsinnig soos duiwe, dan sal julle die beste met die wêreld klaarkom!"

[14] Na hierdie woorde skeep Ek My met My groep van twintig leerlinge in, en 'n goeie wind voer die skip met groot snelheid na die ander oewer van die see in die rigting van Sidon en Tirus (*Matthéüs. 15:21*), welke stede natuurlik wel behoorlik ver van die Galilese See aan die Middellandse See lê.

Genesing van die dogter van die Kananese vrou

168

Toe ons die skip aan die oorkantste oewer verlaat, moes ons op Griekse gebied nog 'n behoorlike voetreis onderneem om in die buurt van beide stede te kom. Toe ons by die grens van die grondgebied van Tirus kom, en dit teen die aanvang van die aand verbygaan, loop 'n vrou, uit Kana in Galiléa gebore, maar wat al vyftien jaar gelede met 'n **Griek** in hierdie streek getroud was, ons agterna omdat sy My onderweg herken. Sy roep daarby: "Meester, Seun van Dawid, erbarm U oor my! My dogter word kwaai deur die duiwel gepla!" (*Matthéüs. 15:22*) - Ek laat haar egter roep, sê geen woord aan haar nie, en loop verder.

[2] Maar omdat die vrou baie hard roep, sodat **die leerlinge** daardeur gehinder word, sê hulle aan My: "Stuur haar tog weg! Want nou skreeu sy al byna 'n halfuur so hinderlik dat ons ore daarvan wil tuit!" (*Matthéüs. 15:23*) As U haar nie wil of kan help nie, maak dan tog dat sy weggaan, anders sal die ander mense, wat ook op hierdie pad loop, nog begin glo dat ons die vrou iets aangedoen het, en dan sal hulle ons ophou en met allerlei vrae lastig val!"

[3] Daarop sê **Ek** aan die leerlinge: "**Ek is slegs gestuur vir die verlore skape van die huis van Israel!**" (*Matthéüs. 15:24*)

[4] Die leerlinge kyk My elkeen na hierdie antwoord met groot oë aan en weet nie wat hulle daaraan het nie. **Judas Iskariot** gee aan Thomas te kenne dat hy My baie inkonsekwent vind en sê: "Jy kan dikwels uit jou vel spring van ergernis oor al die flagrante teenstrydighede in Sy praat en handel! Noudat hierdie vrou Hom om hulp vra, is Hy slegs maar vir die skape van die huis van Israel gestuur, maar toe Hy alle moontlike hulp gegee het aan die Romeine, wat tog nog meer heidens is as hierdie arme half Griekse en half Judese vrou, het Hy nie daaraan gedink dat Hy slegs maar vir die skape van die huis van Israel gestuur is nie!"

[5] **Thomas** sê aan hom: "Ek kan jou hierdie keer regtig nie heeltemal gelyk gee nie, maar tog staan ek daarby dat Hy hier 'n besondere rede het waarom Hy hierdie vrou gladnie wil help nie!"

[6] Maar terwyl die leerlinge onder mekaar so hul menings uitwissel, kom **die vrou** na My toe, val voor My op haar knieë en sê: "Meester, help my!" (*Matthéüs. 15:25*)

[7] **Ek** kyk die vrou aan en sê: "Dit is nie goed om die brood van die kinders af te neem en dit vir die honde te gooi nie!" (*Matthéüs. 15:26*)

[8] Daarop sê **die vrou**: "Ja, meester - maar tog eet die honde die broodkrummels wat van die tafel van hul Meester afval!" (*Matthéüs. 15:27*)

[9] Al die leerlinge was verbaas oor die antwoord en **Petrus** sê stillettjies: "Nee, dit is kras! Soveel wysheid het ek maar selde by 'n Judese vrou teëgekóm, en die vrou is nog 'n Griek van geboorte, hoewel sy in Kana in Galiléa gebore is! Ek ken haar en het al heelwat vis aan haar verkoop, maar dit was natuurlik al vyftien of sestien jaar gelede."

[10] Maar **Ek** kyk die vrou aan en sê aan haar: "O vrou, jou geloof is groot; **dit geskied vir jou soos wat jy dit wil!**"

[11] Toe staan die vrou op, bedank My en snel weg na haar huis en vind haar dogter gesond (*Matthéüs. 15:28*) - Die mense, wat tuis by die meisie was, vertel aan die moeder hoe hulle gesien het dat die duiwel onder geweldige geraas en vloeke 'n halfuur vroeër verdwyn het. Toe verstaan die vrou dat dit op dieselfde oomblik gebeur het waarop Ek op die grens van die gebied van Tirus aan haar gesê het: "O vrou, jou geloof is groot; dit geskied vir jou soos wat jy dit wil!"

[12] Die aand was egter op hande en die leerlinge vra My of Ek wel wou deurgaen na Tirus toe, of dat hulle hier aan die grens van die gebied moes uitkyk vir 'n herberg, omdat dit vandaar af nog drie uur se stap was na die stad Tirus.

[13] **Ek** sê toe aan die leerlinge: "Weet julle wat? Laat ons hiervandaan, in plaas van na die weste waar Tirus lê, eerder na die suidooste gaan! Daar sal ons weer aan die Galilese see kom. Vlak langs die oewer lê 'n mooi berg, waarvan ons die boomlose top hiervandaan maklik binne twee uur kan bereik, daar sal ons oornag."

[14] Na My woorde gaan ons vandaar verder, kom na 'n uur aan die Galilese see en teweens aan die voet van die berg, waarvan ons die top op ons gemak ook binne 'n uur bereik.

[15] Bo aangekom, gaan ons op die sagte alpegras sit en rus daar uit, sonder om dadelik te slaap. (*Matthéüs. 15:29*)